# LTC

LEARNING TEACHING COUNSELLING






## Liesl Bekker

Opvoedkundige Sielkundige

BA (HOD) BEd (PSIG) MEd Opvoedkundige Sielkunde (UP.Cum Laude)
PR 8640661 / PS 54070

**Bosduifstraat 12, George**
**Hoofstraat 102, Paarl**

**Sel: 0844066012**

Posbus 5118
George- Oos
6539

lieslbekker@telkomsa.net
bekkerliesl@gmail.com
www.pieceofthemind.co.za


**Dienste beskikbaar:**

- Aanlegtoetse
- Psigometriese assesserings
- Voorligting en ondersteuning
- Terapeutiese intervensie
- Ouerleiding en skolastiese ondersteuning
- Werkswinkels aan ouers, onderwysers, maatskaplike werkers en sielkundiges

**Assesseringsdienste gelewer:**

'n Verskeidenheid psigometriese instrumente word gebruik om die volgende te evalueer:

- Intelligensie
- Aanleg
- Persoonlikheid
- Belangstelling
- Lees, skryf en syfervaardigheid
- Studiehoudings en –gewoontes
- Gesinsverhoudinge
- Emosionele aanpassing
- Skolastiese aanpassing
- Sosiale aanpassing

Die doel van die assesserings is om leiding te gee met skoolkeuse, vakkeuse en beroepskeuse asook met personeelplasing.

Vakkeuse – graad 9
Beroepskeuse – graad 10 – 12

Assesseringsdienste word op individuele basis of in groepe gelewer. Die diens is ook nasionaal aan skole beskikbaar op aanvraag. In skoolverband word graad 9 en graad 11 groepe getoets. In graad 9 word aanlegtoetse afgeneem vir leiding met vakkeuse en in graad 11 word persoonlikheid en belangstellingstoetse afgeneem vir beroepsleiding.





**Voorligtingsdienste gelewer:**

Voorligtings- en ondersteuningsdiens word gelewer aan ouers, onderwysers en skole rakende die volgende:

- Emosionele en/of sosiale welstand van die voorskoolse kind
- Skoolgereedheid van die graad R-leerder
- Emosionele, sosiale en skolastiese welstand van die skoolkind in die intermediêre of hoërskoolfase.
- Studiegewoontes, studiegedrag en studiemetodes van die skoolgaande leerder
- Vakkeuse en beroepskeuse van graad 7 tot naskool
- Persoonlikheidsontleding vir volwassenes
- Emosionele intelligensie en verhoudingsaanpassing
- Emosionele, sosiale en geestesgesondheid van die volwassene

**Terapeutiese dienste gelewer:**

Terapie word ingespan wanneer kliënte denk- of gedragspatrone het wat vir hulle ongemak in hul lewens veroorsaak. In hierdie praktyk word verskillende terapeutiese tegnieke ingespan saam met Impakterapie. Impakterapie is 'n multi-sensoriese, teorie-gedrewe en kreatiewe benadering tot terapie met 'n vinnige tempo. Daar word van verskeie konkrete objekte gebruik gemaak om die kliënt se sintuie te betrek by die proses. Terapie is visueel, konkreet en nooit vervelig nie. Die kliënt is deel van die proses en word aktief betrek by die terapie.

**Werkswinkels aangebied:**

Die volgende werkswinkels word by skole aangebied vir onderwysers, leerders en ouers:

- HIV/VIGS Bewustheid en Voorkoming
- Hantering van die rouproses
- Gedragprobleme
- Klaskamerbestuur
- Konflikhantering
- Dissipline in die klaskamer
- Dissipline tuis
- Motivering en doelwitstelling
- Sensoriese integrasie
- Ouerskapvaardighede
- Positiewe gedrag
- Graad 12 toekomsbeplanning
- Vakkeuse
- Dwelmmisbruik
- Die tienerbrein
- Onderwysermoraal

Die volgende CPD geakkrediteerde kursusse word aangebied vir skoolvoorligters, maatskaplike werkers en sielkundiges:

- Impakterapie
- Kreatiewe terapeutiese tegnieke
- Trauma berading





Liesl Bekker is 'n Opvoedkundige Sielkundige geregistreer by die Nasionale Gesondheidsraad van Suid-Afrika (HPCSA). Sy het opleiding in verskillende terapeutiese tegnieke in Suid-Afrika, Amerika en Duitsland gekry. Sy volg 'n multi-sensoriese en kreatiewe benadering en verskaf geakkrediteerde opleiding aan sielkundiges, maatskaplike werkers, skoolvoorligters en onderwysers. Sy het ook gespesialiseer in beroepsvoorligting en het 20 jaar ondervinding in psigometriese assesserings waar sy landswyd aanlegtoetse by skole en ander instansies doen in haar private hoedanigheid en vir Human Progress Management. As 'n opgeleide opvoedkundige met ondervinding in die onderwys, verstaan sy die kompleksiteite van die leerder binne 'n akademiese omgewing. Liesl het 'n privaat praktyk in die Paarl en in George waar sy kinders, adolessente, volwassenes en families sien.



Learning Teaching Counselling
Voorligting en Sielkundige Dienste

Liesl Bekker
Opvoedkundige Sielkundige
In samewerking met
Human Progress Management

---

# VAKKEUSE

# PSIGOMETRIESE ASSESSERING

Mei 2018

Liewe ouers en leerders.

Loopbaankeuse begin reeds op die vroeë ouderdom aan die einde van graad 9 wanneer leerders vakkeuses vir graad 10 moet maak. Omdat leerders op hierdie ouderdom dikwels nog nie sekerheid oor hul beroepskeuse het nie, is dit belangrik om leerders stapsgewys te ondersteun in hul vakkeuse.

Die eerste stap sou wees om die leerders se aanlegte (natuurlike vermoë) te bepaal deur middel van psigometriese assessering sodat hulle 'n ingeligte keuse maak. Om leerders te ten volle te ondersteun met hierdie proses, bied LTC in samewerking met HPM aanlegtoetse gratis aan vir die Graad 9-leerders.

*Ons wil u verseker dat die toetse wat gebruik word professionele geregistreerde en geakkrediteerde psigometriese toetse is en dat die afneem en interpretasie en aanbevelings deur Opvoedkundige Sielkundiges gedoen word. Leerders sal gedurende skoolure getoets word.*

**Die volgende reëlings is baie belangrik:**

- ✓ Vul asseblief die onderstaande skeurstrokie in indien u TOESTEMMING gee dat kind getoets mag word. **Indien u nie die skeurstrokie terugstuur nie, word aangeneem dat u NIE toestem tot die assessering NIE.**
- ✓ Die Aanleg- en leervaardigheids toetse sal op 14 Junie 2018 by **Hoërskool Lydenburg** afgeneem word. Dit sal gedurende skoolure plaasvind vanaf 7:30 – 13:30.
- ✓ Die vakkeuse-oueraand sal dan op **'n latere stadium** plaasvind.

---

AFSKEURSTROKIE

Naam van leerder: ______________________ Klas: __________

**Hiermee gee ek toestemming dat my kind WEL geassesseer MAG word.**

**Ek gee ook toestemming dat die resultate aan die skool bekend gemaak mag word.**

Handtekening van ouer/voog: ______________________ Datum: __________